



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE
STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 3847

Registered at the Post Office as a Newspaper

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded/AVB uitgesluit)

Local 45c Plaaslik
Other countries 60c Buiteland
Post free • Posvry

REGULASIEKOERANT No. 3847

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Vol. 241

PRETORIA, 26 JULY 1985

No. 9870

PROCLAMATION

by the

State President of the Republic of South Africa

No. R. 119, 1985

DISSOLUTION AND REGULATION OF MATTERS RELATING TO THE ASSETS, LIABILITIES, RIGHTS AND OBLIGATIONS OF THE MINING CORPORATION LIMITED

Under the powers vested in me by section 5A (a) (b) of the Promotion of the Economic Development of National States Act, 1968 (Act 46 of 1968), I hereby declare that—

- (a) the Mining Corporation Limited, established by Proclamation R. 55 of 1969, is dissolved with effect from the date of this Proclamation;
- (b) the assets, liabilities, rights and obligations of the said Mining Corporation Limited shall, with effect from the date of this Proclamation, devolve or be deemed to have devolved to such bodies as may be determined by the Minister of Co-operation, Development and Education in accordance with such conditions as he may prescribe after consultation with the bodies concerned;
- (c) it shall be incumbent on the registrar of deeds in charge of the deeds office where a title to any such asset or right is registered to endorse such document of title, upon production thereof, free of charge notwithstanding the provisions of the Deeds Registries Act, 1937 (Act 47 of 1937), or any other law, and such asset or right shall devolve to the bodies concerned or to a corporation without payment of compensation, transfer duty, stamp duty or any other fee and without obligation;
- (d) a reference to Mining Corporation Limited in any agreement, legal document, licence, permit, permission, certificate or other document shall be deemed a reference to the bodies to which the assets, liabilities, rights and obligations of the said Mining Corporation Limited have devolved in terms of paragraph (b);
- (e) the Minister of Co-operation, Development and Education or any person authorised by him may, at any time after such dissolution, sign any document, or perform any other act relating to the devolution of the assets, liabilities, rights or obligations referred to in paragraph (b), in place of the dissolved Mining Corporation Limited.

PROKLAMASIE

van die

Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 119, 1985

ONTBINDING EN REËLING VAN AANGELEENTHEDE BETREFFENDE DIE BATES, LASTE, REGTE EN VERPLIGTINGE VAN DIE MYNBOUKORPORASIE BEPERK

- Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5A (1) (b) van die Wet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van Nasionale State, 1968 (Wet 46 van 1968), verklaar ek hierby dat—
- (a) die Mynboukorporasie Beperk, ingestel by Proklamasie R. 55 van 1969, met ingang van die datum van hierdie Proklamasie ontbind word;
 - (b) die bates, laste, regte en verpligtinge van bedoelde Mynboukorporasie Beperk met ingang van die datum van hierdie Proklamasie op die liggeme wat die Minister van Samewerking, Ontwikkeling en Onderwys bepaal, oorgaan of geag word oor te gegaan het ooreenkomsdig die voorwaardes wat hy na oorlegpleging met die betrokke liggeme voorskryf;
 - (c) dit die plig is van die registrateur van aktes in bevel van die akteskantoor waar 'n titel van enige sodanige bate of reg geregistreer is, om sodanige titelbewys by voorlegging daarvan gratis te endosseer nieteenstaande die bepalings van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet 47 van 1937) of van enige ander Wet, en dat sodanige bate of reg op die betrokke liggeme of op 'n korporasie oorgaan sonder betaling van vergoeding, hereregtie, seëlregte of enige ander fooi en sonder verpligting;
 - (d) 'n verwysing na Mynboukorporasie Beperk in enige ooreenkoms, regsdokument, lisensie, permit, vergunning, sertifikaat of ander dokument geag word 'n verwysing te wees na die liggeme op wie die bates, laste, regte en verpligtinge van bedoelde Mynboukorporasie Beperk kragtens paragraaf (b) oorgegaan het;
 - (e) die Minister van Samewerking, Ontwikkeling en Onderwys of enige persoon deur hom daartoe gemagtig, te eniger tyd na bedoelde ontbinding enige dokument kan onderteken of enige ander handeling kan verrig wat in verband staan met die oorgaan van die in paragraaf (b) bedoelde bates, laste, regte of verpligtinge in die plek van die ontbinde Mynboukorporasie Beperk.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Third day of July, One thousand Nine hundred and Eighty-five.

P. W. BOTHA,
State President.

By Order of the State President-in-Cabinet:
G. VAN N. VILJOEN.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 1653 26 July 1985

MARKETING ACT, 1968 (ACT 59 OF 1968)

DAIRY SCHEME.—AMENDMENT

I, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister of Agricultural Economics, acting under section 14, as applied by section 15 (3), of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968) hereby—

(a) publish the amendment set out in the Schedule hereto, of the Dairy Scheme published by Proclamation R. 290 of 1978, as amended; and

(b) declare that the said amendment shall come into operation on 1 August 1985.

J. J. G. WENTZEL,
Minister of Agricultural Economics.

SCHEDULE

Amendment of section 1 of the Scheme

1. Section 1 of the Dairy Scheme published by Proclamation R. 290 of 1978, as amended, hereinafter referred to as the Scheme, is hereby amended—

(a) by the substitution for item (aa) of subparagraph (v) of paragraph (a) of the definition of “controlled area” of the following item:

“(aa) the municipal areas Alberton, Bedfordview, Benoni (with boundaries as before 1 June 1981), Boksburg, Brakpan, Carletonville, Edenvale, Elsburg, Germiston, Heidelberg, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Meyerton, Nigel, Orkney, Potchefstroom, Pretoria, Randburg, Roodepoort-Maraisburg, Sandton, Sasolburg, Springs, Stilfontein, Vanderbijlpark, Vereeniging, Verwoerdburg and Westonaria;”; and

(b) by the deletion of the words preceding item (aa) of subparagraph (vi) of paragraph (a) of the definition of “controlled area” and also the said item (aa), whilst items (bb), (cc) and (dd) of the said subparagraph (vi) become items (ii), (jj) and (kk) of subparagraph (v) of the said paragraph (a) of the definition of “controlled area”.

Amendment of section 14 of the Scheme

2. Section 14 of the Scheme is hereby amended—

(a) by the insertion of the following paragraph in subsection (2) whilst the existing subsection becomes paragraph (a):

“(b) Notwithstanding the provisions of paragraph (a), an Area Committee established under subsection (1) for the Transvaal area referred to in paragraph (a) (v) of the definition of “controlled area” shall consist of not more than 10 members, and shall be constituted in the manner contemplated in the first-mentioned paragraph (a).”; and

(b) by the substitution in subsection 3 (b) for the expression “subsection (2)” of the expression “subsection (2) (b)”.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Derde dag van Julie Eenduisend Negehonderd Vyf-en-tagtig.

P. W. BOTHA,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Kabinet:
G. VAN N. VILJOEN.

GOEWERMENTS KENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 1653 26 Julie 1985

BEMARKINGSWET, 1968 (WET 59 VAN 1968)

SUIWELSKEMA.—WYSIGING

Ek, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister van Landbou-ekonomiese handelende kragtens artikel 14, soos toegepas by artikel 15 (3), van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968)—

(a) publiseer hierby die wysiging in die Bylae uiteengesit, van die Suiwelskema gepubliseer by Proklamasie R. 290 van 1978, soos gewysig; en

(b) verklaar hierby dat genoemde wysiging op 1 Augustus 1985 in werking tree.

J. J. G. WENTZEL,
Minister van Landbou-ekonomiese.

BYLAE

Wysiging van artikel 1 van die Skema

1. Artikel 1 van die Suiwelskema gepubliseer by Proklamasie R. 290 van 1978, soos gewysig, hierna die Skema genoem, word hierby gewysig—

(a) deur item (a) van subparagraph (v) van paragraaf (a) van die omskrywing van “beheerde gebied” deur die volgende item te vervang:

“(aa) die munisipale gebiede van Alberton, Bedfordview, Benoni (met grense soos voor 1 Junie 1981), Boksburg, Brakpan, Carletonville, Edenvale, Elsburg, Germiston, Heidelberg, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Meyerton, Nigel, Orkney, Potchefstroom, Pretoria, Randburg, Roodepoort-Maraisburg, Sandton, Sasolburg, Springs, Stilfontein, Vanderbijlpark, Vereeniging, Verwoerdburg en Westonaria;”; en

(b) deur die woorde wat item (aa) van subparagraph (vi) van paragraaf (a) van die omskrywing van “beheerde gebied” voorafgaan en ook genoemde item (aa) te skrap, terwyl items (bb), (cc) en (dd) van genoemde subparagraph (vi) items (ii), (jj) en (kk) van subparagraph (v) van genoemde paragraaf (a) van die omskrywing van “beheerde gebied” word.

Wysiging van artikel 14 van die Skema

2. Artikel 14 van die Skema word hierby gewysig—

(a) deur die volgende paragraaf na subartikel (2) in te voeg terwyl die bestaande subartikel paragraaf (a) word:

“(b) Ondanks die bepalings van paragraaf (a), bestaan ‘n in subartikel (1) ingestelde Gebiedskomitee vir die Transvaalgebied bedoel paragraaf (a) (v) van die omskrywing van “beheerde gebied” uit hoogstens 10 lede en word saamgestel op die wyse in eersgenoemde paragraaf (a) beoog.”; en

(b) deur in subartikel 3 (b) die uitdrukking “subregulasie (2)” deur die uitdrukking “subregulasie (2) (b)” te vervang.

<p>No. R. 1654</p> <p>MARKETING ACT, 1968 (ACT 59 OF 1968)</p> <p>AUTHORITY TO REFUSE TO TAKE DELIVERY OF CERTAIN BANANAS FOR SALE</p> <p>I, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister of Agricultural Economics, acting under section 64 (4) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968)—</p> <p>(a) hereby authorise the Banana Board referred to in section 6 of the Banana Scheme published by Proclamation R. 109 of 1976, as amended, to refuse at any time during the period extending from the date of publication hereof up to and including 31 July 1986 to take delivery for sale of a class or grade of bananas which the said Board may from time to time determine as it deems fit; and</p> <p>(b) hereby repeal Government Notice R. 1606 of 27 July 1984 with effect from the said date of publication.</p> <p>J. J. G. WENTZEL, Minister of Agricultural Economics.</p>	<p>26 July 1985</p> <p>No. R. 1655</p> <p>MARKETING ACT, 1968 (ACT 59 OF 1968)</p> <p>REGULATIONS RELATING TO THE PACKING, MARKING AND CLASSIFICATION OF WOOL INTENDED FOR SALE THROUGH THE SOUTH AFRICAN WOOL BOARD AND THE USE OF CERTAIN MARKING SUBSTANCES WHICH WOOL MAY NOT CONTAIN.—AMENDMENT</p> <p>The Minister of Agricultural Economics has under section 89 of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), made the regulations set out in the Schedule.</p> <p>SCHEDULE</p> <p><i>Definition</i></p> <p>1. In this Schedule “the regulations” means the regulations published by Government Notice R. 324 of 24 February 1984.</p> <p><i>Amendment of regulation 3 of the regulations</i></p> <p>2. Regulation 3 of the regulations is hereby amended by the substitution for paragraph (f) of subregulation (1) of the following paragraph:</p> <p>“(f) in new or undamaged second hand polyethylene woolbags measuring 93 cm × 65 cm or 95 cm × 125 cm and with a mass of not more than 1 kg.”</p>	<p>No. R. 1654</p> <p>BEMARKINGSWET, 1968 (WET 59 VAN 1968)</p> <p>MAGTIGING OM TE WEIER OM SEKERE PIESANGS VIR VERKOOP IN ONTVANGS TE NEEM</p> <p>Ek, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister van Landbou-ekonomie, handelende kragtens artikel 64 (4) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968)—</p> <p>(a) magtig hierby die Piesangraad bedoel in artikel 6 van die Piesangskema gepubliseer by Proklamasie R. 109 van 1976, soos gewysig, om te eniger tyd gedurende die tydperk vanaf die datum van publikasie hiervan tot en met 31 Julie 1986 te weier om ‘n klas of graad piesangs wat genoemde Raad na goedgunke van tyd tot tyd bepaal, vir verkoop in ontvangs te neem; en</p> <p>(b) herroep hierby Goewermentskennisgewing R. 1606 van 27 Julie 1984 met ingang van genoemde datum van publikasie.</p> <p>J. J. G. WENTZEL, Minister van Landbou-ekonomie.</p>	<p>26 Julie 1985</p> <p>No. R. 1655</p> <p>BEMARKINGSWET, 1968 (WET 59 VAN 1968)</p> <p>REGULASIES BETREFFENDE DIE VERPAKKING, MERK EN KLASIFISERING VAN WOL BESTEM VIR VERKOOP DEUR BEMIDDELING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WOLRAAD EN DIE GEBRUIK VAN SEKERE MERKSTOWWE WAT WOL NIE MAG BEVAT Nie.—WYSIGING</p> <p>Die Minister van Landbou-ekonomie het kragtens artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die regulasies in die Bylae uiteengesit, uitgevaardig.</p> <p>BYLAE</p> <p><i>Woordomskrywing</i></p> <p>1. In hierdie Bylae beteken “die regulasies” die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 324 van 24 Februarie 1984.</p> <p><i>Wysiging van regulasie 3 van die regulasies</i></p> <p>2. Regulasie 3 van die regulasies word hierby gewysig deur paragraaf (f) van subregulasie (1) deur die volgende paragraaf te vervang:</p> <p>“(f) in nuwe of onbeskadigde tweedehandse polietilen wolsakke met afmetings van 93 cm × 65 cm of 95 cm × 125 cm en met ‘n massa van hoogstens 1 kg.”</p>
<p>No. R. 1660</p> <p>PLANT IMPROVEMENT ACT, 1976 (ACT 53 OF 1976)</p> <p>SOUTH AFRICAN SEED CERTIFICATION SCHEME.—AMENDMENT</p> <p>I, Gert Jeremias Kotzé, Deputy Minister of Agricultural Economics, acting on behalf of the Minister of Agricultural Economics under section 23 (1), read with section 24 (n), of the Plant Improvement Act, 1976 (Act 53 of 1976), hereby amend the South African Seed Certification Scheme published by Government Notice R. 2566 of 25 November 1983, as amended by Government Notice R. 1196 of 30 May 1985, by the substitution for Table 1 thereof—</p> <p>(a) with effect from the date of publication hereof, of the Table set out in Schedule A hereto; and</p> <p>(b) with effect from 1 March 1986, of the Table set out in Schedule B hereto.</p> <p>G. J. KOTZÉ, Deputy Minister of Agricultural Economics.</p>	<p>26 July 1985</p> <p>No. R. 1660</p> <p>PLANTVERBETERINGSWET, 1976 (WET 53 VAN 1976)</p> <p>SUID-AFRIKAANSE SAADSERTIFISERING-SKEMA.—WYSIGING</p> <p>Ek, Gert Jeremias Kotzé, Adjunk-minister van Landbou-ekonomie, handelende namens die Minister van Landbou-ekonomie kragtens artikel 23 (1), gelees met artikel 24 (n), van die Plantverbeteringswet, 1976 (Wet 53 van 1976), wysig hierby die Suid-Afrikaanse Saadsertifiseringskema gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2566 van 25 November 1983, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing R. 1196 van 30 Mei 1985, deur Tabel 1 daarvan—</p> <p>(a) met ingang van die datum van publikasie hiervan deur die Tabel in Bylae A hierby uiteengesit, te vervang; en</p> <p>(b) met ingang van 1 Maart 1986 deur die Tabel in Bylae B hierby uiteengesit, te vervang.</p> <p>G. J. KOTZÉ, Adjunk-minister van Landbou-ekonomie.</p>	<p>26 Julie 1985</p> <p>No. R. 1660</p> <p>PLANTVERBETERINGSWET, 1976 (WET 53 VAN 1976)</p> <p>SUID-AFRIKAANSE SAADSERTIFISERING-SKEMA.—WYSIGING</p> <p>Ek, Gert Jeremias Kotzé, Adjunk-minister van Landbou-ekonomie, handelende namens die Minister van Landbou-ekonomie kragtens artikel 23 (1), gelees met artikel 24 (n), van die Plantverbeteringswet, 1976 (Wet 53 van 1976), wysig hierby die Suid-Afrikaanse Saadsertifiseringskema gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2566 van 25 November 1983, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing R. 1196 van 30 Mei 1985, deur Tabel 1 daarvan—</p> <p>(a) met ingang van die datum van publikasie hiervan deur die Tabel in Bylae A hierby uiteengesit, te vervang; en</p> <p>(b) met ingang van 1 Maart 1986 deur die Tabel in Bylae B hierby uiteengesit, te vervang.</p> <p>G. J. KOTZÉ, Adjunk-minister van Landbou-ekonomie.</p>	

SCHEDULE A

“TABLE 1

FEES PAYABLE

Purpose	Amount
1. Application for the registration of a unit with a view to the production of seed of a variety of— (a) groundnuts, soya beans, cotton, sunflowers, lupins, beans, peas, grain sorghum, cowpeas, or maize; (b) any other kind of plant specified in column 1 of Table 2	R10,00 per application. (i) R10,00 per application where the area of the unit concerned is less than 5 ha; (ii) R15,00 per application where the area of the unit concerned is 5 ha or more, but less than 10 ha; (iii) R18,00 per 10 ha or portion thereof, where the area of the unit concerned is 10 ha or more.
2. Examination, sampling and sealing of seed which is presented for certification—	(i) R1,80 per 50 kg in the case of basic seed of hybrid variety of maize; (ii) R0,10 per 50 kg in the case of certified seed of a hybrid variety of maize; (iii) R0,05 per container in the case of seed of groundnuts, soya beans, cotton, sunflowers, lupins, beans, peas, grain sorghum and cowpeas; (iv) free in the case of seed of any other kind of plant specified in column 1 of Table 2.
3. Re-inspection of— (a) a unit in terms of paragraph 9 (5); or (b) seed which is re-presented for certification, and the rendering of services referred to in paragraph 19 (3)	R4,00 per hour or portion of an hour, including travelling time, devoted to the re-inspection or services concerned plus an amount calculated on the basis set out in paragraph 25, in respect of travelling costs.
4. Affixing of official seals to the containers of seed which is re-presented for certification	R0,03 per seal.”.

SCHEDULE B

“TABLE 1

FEES PAYABLE

Purpose	Amount
1. Application for the registration of a unit with a view to the production of seed of a variety of— (a) groundnuts, soya beans, cotton, sunflowers, lupins, beans, peas, grain sorghum, cowpeas, grass (<i>Agrotricum</i>), Buffalo, Cocksfoot, Smuts Finger, Weeping love, Rye grass, Paspalum and Columbus) radish, lucerne and maize; (b) any kind of plant specified in column 1 of Table 2	R15,00 per application. (i) R30,00 per application where the area of the unit concerned is less than 5 ha; (ii) R35,00 per application where the area of the unit concerned is 5 ha or more, but less than 10 ha; (iii) R40,00 per 10 ha or portion thereof, where the area of the unit concerned is 10 ha or more.
2. Examination, sampling and sealing of seed which is presented for certification—	(i) R2,25 per 50 kg in the case of basic seed of maize; (ii) R1,00 per container in the case of certified seed of maize; (iii) R1,00 per container in the case of seed of groundnuts, cotton, sunflowers, beans, grain sorghum, cowpeas, grass, radish and lucerne; (iv) R0,25 per container in the case of seed of soya beans, lupins and peas; (v) free in the case of seed of any other kind of plant specified in column 1 of Table 2.
3. Re-inspection of— (a) a unit in terms of paragraph 9 (5); or (b) seed which is re-presented for certification, and the rendering of services referred to in paragraph 19 (3)	R10,00 per hour or portion of an hour, including travelling time, devoted to the re-inspection or services concerned plus an amount calculated on the basis set out in paragraph 25, in respect of travelling costs.
4. Affixing of official seals and labels to the containers of seed which is re-presented for certification	R0,02 per seal and R0,04 per label.”.

BYLAE A
"TABEL 1
GELDE BETAALBAAR

Doel	Bedrag
1. Aansoek om die registrasie van 'n eenheid met die oog op die produksie van saad van 'n varieteit van— (a) grondbone, sojabone, katoen, sonneblom, lupiene, bone, erte, graansorghum, akkerbone of mielies; (b) enige ander soort plant in kolom 1 van Tabel 2 aangedui	R10,00 per aansoek. (i) R10,00 per aansoek waar die oppervlakte van die betrokke eenheid minder as 5 ha is; (ii) R15,00 per aansoek waar die betrokke eenheid meer as 5 ha, maar minder as 10 ha is; (iii) R18,00 per 10 ha of gedeelte daarvan, waar die oppervlakte van die betrokke eenheid 10 ha of meer is.
2. Ondersoek, monsterneming en verseling van saad wat vir sertifisering aangebied word—	(i) R1,80 per 50 kg in die geval van basissaad van 'n bastervarieteit van mielies; (ii) R0,10 per 50 kg in die geval van gesertifiseerde saad van 'n bastervarieteit van mielies; (iii) R0,05 per houer in die geval van saad van grondbone, sojabone, katoen, sonneblom, lupiene, bone, erte, graansorghum en akkerbone; (iv) gratis in die geval van saad van enige ander soort plant in kolom 1 van Tabel 2 aangedui.
3. Herinspeksie van— (a) 'n eenheid ingevolge paragraaf 9 (5); of (b) saad wat heraangebied word vir sertifisering en die lewering van dienste in paragraaf 19 (3) bedoel	R4,00 per uur of gedeelte van 'n uur, reistyd ingesluit, aan die betrokke herinspeksie of dienste gewy, plus 'n bedrag, bereken soos in paragraaf 25 uiteengesit, ten opsigte van reiskoste.
4. Aanbring van amptelike seëls op die houers van saad wat heraangebied word vir sertifisering	R0,03 per seël.”.

BYLAE B
"TABEL 1
GELDE BETAALBAAR

Doel	Bedrag
1. Aansoek om die registrasie van 'n eenheid met die oog op die produksie van saad van 'n varieteit van— (a) grondbone, sojabone, katoen, sonneblom, lupiene, bone, erte, graansorghum, akkerbone, grasse (<i>Agrotricum</i> , <i>Bloubuffel</i> , <i>Kropaar</i> , <i>Smutsvinger</i> , <i>Ouland</i> , <i>Raaigras</i> , <i>Paspalum</i> en <i>Columbus</i>), radys, lusern en mielies; (b) enige ander soort plant in kolom 1 van Tabel 2 aangedui	R15,00 per aansoek. (i) R30,00 per aansoek waar die oppervlakte van die betrokke eenheid minder as 5 ha is; (ii) R35,00 per aansoek waar die oppervlakte van die betrokke eenheid meer as 5 ha, maar minder as 10 ha is; (iii) R40,00 per 10 ha of gedeelte daarvan, waar die oppervlakte van die betrokke eenheid 10 ha of meer is.
2. Ondersoek, monsterneming en verseling van saad wat vir sertifisering aangebied word—	(i) R2,25 per 50 kg in die geval van basissaad van mielies; (ii) R1,00 per houer in die geval van gesertifiseerde saad van mielies; (iii) R1,00 per houer in die geval van saad van grondbone, katoen, sonneblom, bone, graansorghum, akkerbone, grasse, radys en lusern; (iv) R0,25 per houer in die geval van saad van sojabone, lupiene en erte; (v) gratis in die geval van saad van enige ander soort plant in kolom 1 van Tabel 2 aangedui.
3. Herinspeksie van— (a) 'n eenheid ingevolge paragraaf 9 (5); of (b) saad wat heraangebied word vir sertifisering en die lewering van dienste in paragraaf 19 (3) bedoel	R10,00 per uur of gedeelte van 'n uur, reistyd ingesluit, aan die betrokke herinspeksie of dienste gewy, plus 'n bedrag, bereken soos in paragraaf 25 uiteengesit, ten opsigte van reiskoste.
4. Aanbring van amptelike seëls en etikette op die houers van saad wat heraangebied word vir sertifisering	R0,02 per seël en R0,04 per etiket.”.

No. R. 1661

26 July 1985

MARKETING ACT, 1968 (ACT 59 OF 1968)

PROHIBITION OF THE IMPORTATION OF TOBACCO

I, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister of Agricultural Economics, acting under section 87 (1) (b) (i) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968)—

(1) hereby impose the prohibition set out in the Schedule on the import of tobacco indicated in the Schedule;

(2) the said prohibition shall come into operation on the date of publication hereof.

J. J. G. WENTZEL,

Minister of Agricultural Economics.

SCHEDULE

Prohibition of the importation of tobacco

1. The importation into the Republic of tobacco except on the authority of a permit issued by the Director-General on such conditions as the Director-General may determine and set out in such permit.

Conditions

2. A permit shall only be issued in terms of clause 1, after the total quantity of tobacco that may be imported during a particular period has been determined in terms of subparagraph (aa) of the proviso to section 87 (1) of the Act.

OFFICE OF THE COMMISSION FOR ADMINISTRATION

No. R. 1643

26 July 1985

The State President has, after a recommendation was made by the Commission for Administration, made the regulations as set out below under section 35, read with section 33 (1) of the Public Service Act, 1984 (Act 111 of 1984).

Amendment of regulation A1.1 of the Public Service Regulations published by Government Notice 2047 of 11 December 1959, as amended

1. Regulation A1.1 of the Public Service Regulations published by Government Notice 2047 of 11 December 1959, as amended (hereinafter referred to as the Regulations) is hereby amended by the insertion after the definition of "single quarters" of the following definition:

"subscribing member" means a member of a recognised staff association, or a member of a staff association or other body applying for recognition as a staff association, who is not more than three months in arrears with the payment of his membership fees;"

Substitution of Chapter J of the Regulations

2. The Regulations are hereby amended by the substitution for Chapter J of the following Chapter:

"CHAPTER J

PUBLIC SERVICE JOINT ADVISORY COUNCIL

Composition of Public Service Joint Advisory Council

J1.1 The Public Service Joint Advisory Council, established in terms of section 33 (1) of the Act (referred to as "the Council" in this chapter), shall consist of 16 members, of whom—

(a) eight shall be officers nominated by the staff associations recognised by the Commission in terms of regulation J2 (referred to as "recognised staff associations" in this chapter); and

No. R. 1661

26 Julie 1985

BEMARKINGSWET, 1968 (WET 59 VAN 1968)

VERBOD OP DIE INVOER VAN TABAK

Ek, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister van Landbou-ekonomiese handelende kragtens artikel 87 (1) (b) (i) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968)—

(1) lê hierby die verbod op in die Bylae uiteengesit op die invoer van Tabak in die Bylae aangedui;

(2) vermelde verbod sal op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

J. J. G. WENTZEL,
Minister van Landbou-ekonomiese.

BYLAE

Verbod op die invoer van tabak

1. Die invoer in die Republiek van tabak word verbied behalwe op gesag van 'n permit uitgereik deur die Direkteur-generaal op die voorwaardes wat die Direkteur-generaal bepaal en in die permit uiteengesit.

Voorwaardes

2. 'n Permit word slegs ingevolge klausule 1 uitgereik, nadat die totale hoeveelheid tabak wat gedurende 'n bepaalde tydperk ingevoer mag word ingevolge subparagraaf (aa) van die voorbehoudbepaling van artikel 87 (1) van die Wet bepaal is.

KANTOOR VAN DIE KOMMISSIE VIR ADMINISTRASIE

No. R. 1643

26 Julie 1985

Die Staatspresident het, nadat 'n aanbeveling deur die Kommissie vir Administrasie gedoen is, die regulasies hieronder uiteengesit kragtens artikel 35, saamgelees met artikel 33 (1) van die Staatsdienswet, 1984 (Wet 111 van 1984), uitgevaardig.

Wysiging van regulasie A1.1 van die Staatsdiensregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 2047 van 11 Desember 1959, soos gewysig

1. Regulasie A1.1 van die Staatsdiensregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 2047 van 11 Desember 1959, soos gewysig (hieronder die Regulasies genoem) word hierby gewysig deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "Sondag" in te voeg:

"subskripsie-betalende" lid 'n lid van 'n erkende personeelvereniging, of 'n lid van 'n personeelvereniging of ander liggaam wat om erkenning as personeelvereniging aansoek doen, wat nie meer as drie maande met die betaling van sy ledegeled agterstallig is nie."

Vervanging van Hoofstuk J van die Regulasies

2. Die Regulasies word hierby gewysig deur Hoofstuk J deur die volgende Hoofstuk te vervang:

"HOOFSTUK J

GESAMENTLIKE ADVISERENDE RAAD VAN DIE STAATSDIENS

Samestelling van Gesamentlike Adviserende Raad van die Staatsdiens

J1.1 Die Gesamentlike Adviserende Raad van die Staatsdiens, ingestel kragtens artikel 33 (1) van die Wet (in hierdie hoofstuk "die Raad" genoem), bestaan uit 16 lede, van wie—

(a) agt beampies is wat deur die personeelverenigings wat deur die Kommissie ingevolge regulasie J2 erken is (in hierdie hoofstuk "erkende personeelverenigings" genoem), benoem word; en

<p>(b) eight shall be officers nominated by the Commission.</p> <p>J1.2 (a) Members of the Council shall, with due regard to regulation J8.1, be nominated by recognised staff associations in proportion to the number of officers who are subscribing members of the staff associations concerned on 30 June of a particular year: Provided that—</p> <ul style="list-style-type: none">(i) each recognised staff association may nominate at least one officer as a member of the Council; and(ii) the said proportion, which, subject to regulation J7.2 (b), shall apply from 1 October of a particular year until 30 September of the following year, shall be determined annually by the Commission on the basis of the number of officers who are subscribing members of the various recognised staff associations on 30 June of a particular year, of which particulars shall be sent to the Secretary of the Council by registered post before 15 August of the year concerned. <p>(b) Only subscribing members who are officers as defined in section 1 (1) of the Act, but excluding such officers who are members of the services or the National Intelligence Service, as severally defined in the said section, shall be considered in determining the proportion referred to in paragraph (a).</p> <p>J1.3 No head of department or any officer who is a member of the staff of the Office of the Commission shall serve on the Council.</p> <p><i>Recognition of staff associations for purposes of composition of Council</i></p> <p>J2.1 (a) Subject to the provisions of this chapter, the Commission shall recognise staff associations which represent officers as defined in section 1 (1), read with section 33 (1) (b), of the Act.</p> <p>(b) A head of department or an officer who is a member of the staff of the Office of the Commission may not be a member of a staff association.</p> <p>(c) An officer may not at the same time be a member of more than one recognised staff association.</p> <p>J2.2 In considering an application for the recognition of a staff association the Commission shall have regard to—</p> <ul style="list-style-type: none">(a) the aims and objects of the staff association;(b) the number and composition of the subscribing members of the staff association who are officers as contemplated in regulation J1.2 (b);(c) the details of other members of the staff association;(d) the manner in which the staff association is organised;(e) the financial and other arrangements for the functioning and management of the staff association;(f) the affiliations and associations of the staff association; and(g) the views of recognised staff associations as regards the application of the staff association desiring recognition. <p>J2.3 (a) A staff association—</p> <ul style="list-style-type: none">(i) shall together with its application for recognition, in the form determined by the Commission, submit to the Commission a copy of its constitution; and(ii) shall provide any further details and information which the Commission may require. <p>(b) The interest group represented by the staff association shall, subject to subregulation 1, be clearly specified in the application.</p>	<p>(b) agt beampies is wat deur die Kommissie benoem word.</p> <p>J1.2 (a) Lede van die Raad word, met behoorlike inagneming van regulasie J8.1, deur erkende personeelverenings benoem in verhouding tot die getal beampies wat op 30 Junie van 'n bepaalde jaar subskripsie-betalende lede van die betrokke personeelverenigings is: Met dien verstande dat—</p> <ul style="list-style-type: none">(i) elke erkende personeelvereniging minstens een beampte tot lid van die Raad mag benoem; en(ii) bedoelde verhouding, wat behoudens regulasie J7.2 (b) vanaf 1 Oktober van 'n bepaalde jaar tot 30 September van die daaropvolgende jaar van krag is, jaarliks deur die Kommissie bepaal word op grond van die getal beampies wat op 30 Junie van 'n bepaalde jaar subskripsie-betalende lede van die onderskeie erkende personeelverenigings is, van wie besonderhede voor 15 Augustus van die betrokke jaar per geregistreerde pos aan die Sekretaris van die Raad gestuur moet word. <p>(b) Slegs subskripsie-betalende lede wat beampies is soos omskryf in artikel 1 (1) van die Wet, maar uitgesonderd sodanige beampies wat lede is van die dienste of die Nasionale Intelligenziediens, soos onderskeidelik in genoemde artikel omskryf, word by die bepaling van die verhouding bedoel in paragraaf (a) in ag geneem.</p> <p>J1.3 Geen departementshoof of geen beampte wat lid is van die personeel van die Kantoor van die Kommissie mag in die Raad dien nie.</p> <p><i>Erkenning van personeelverenigings vir doeleinades van samestelling van Raad</i></p> <p>J2.1 (a) Behoudens die bepaling van hierdie hoofstuk verleen die Kommissie erkenning aan personeelverenigings wat beampies soos omskryf in artikel 1 (1), gelees met artikel 33 (1) (b), van die Wet, verteenwoordig.</p> <p>(b) 'n Departementshoof of 'n beampte wat lid is van die personeel van die Kantoor van die Kommissie mag nie lid van 'n personeelvereniging wees nie.</p> <p>(c) 'n Beampte mag nie terselfdertyd lid van meer as een erkende personeelvereniging wees nie.</p> <p>J2.2 By die oorweging van 'n aansoek om die erkenning van 'n personeelvereniging neem die Kommissie in ag—</p> <ul style="list-style-type: none">(a) die oogmerke en doelstellings van die personeelvereniging;(b) die getal en samestelling van die subskripsie-betalende lede van die personeelvereniging wat beampies is soos in regulasie J1.2 (b) bedoel;(c) die besonderhede van ander lede van die personeelvereniging;(d) die wyse waarop die personeelvereniging georganiseer is;(e) die finansiële en ander reëlings vir die funksionering en bestuur van die personeelvereniging;(f) die affiliasies en assosiasies van die personeelvereniging; en(g) die sienswyses van erkende personeelverenigings met betrekking tot die aansoek van die personeelvereniging wat erkenning verlang. <p>J2.3 (a) 'n Personeelvereniging—</p> <ul style="list-style-type: none">(i) lê tesame met sy aansoek om erkenning, 'n afskrif van sy konstitusie aan die Kommissie voor in die vorm deur die Kommissie bepaal; en(ii) verstrek die verdere besonderhede en inligting wat die Kommissie vereis. <p>(b) Die belangegroep wat deur die personeelvereniging verteenwoordig word, word behoudens subregulasie 1 duidelik in die aansoek gespesifieer.</p>
--	--

J2.4 In the application of regulations J1.2 (a) and J2.3 (a), a recognised staff association or a staff association who applies for recognition, shall on the request of the Commission, submit an audited list of its members in the form determined by the Commission.

J2.5 (a) Any association which, on the coming into operation of section 33 of the Act, enjoyed recognition as a staff association in terms of the provisions of section 25 (1) (b) of the Public Service Act, 1957 (Act 54 of 1957), and still enjoys such recognition on the coming into operation of this chapter shall be deemed to be a recognised staff association for the purposes of these regulations.

(b) A staff association referred to in paragraph (a) shall represent the interest group determined by the Commission on the basis of the constitution of the association.

Affiliations of recognised staff associations

J3. A recognised staff association shall not affiliate or in any manner associate with any trade union or federation of trade unions unless special approval has been obtained from the Commission, which approval may be given conditionally and withdrawn at any time: Provided that this regulation shall not be construed as preventing affiliations or associations merely for purposes of consultation with associations of Government employees outside the Public Service.

Communications to Commission and Council

J4. All communications addressed to the Commission by a recognised staff association shall be signed by or on behalf of the chief executive officer or the president or chairman of the staff association concerned, and copies of all communications addressed to the Commission or the Council by a recognised staff association relating to a specific department shall be sent to the head of the department in question by such chief executive officer, president or chairman, as the case may be.

Right of examination of records

J5. The Commission shall have the right to cause the records of a recognised staff association to be examined at any time in order to determine whether the conditions prescribed by these regulations are being complied with.

Withdrawal of recognition

J6. If a recognised staff association fails to comply with any provision of these regulations, or contravenes any such provision, the Commission may withdraw the recognition it has granted such staff association.

Nomination of members of Council and alternates

J7.1 (a) Recognised staff associations and the Commission shall, subject to subregulation 2 (b), annually before 30 September inform the Secretary of the Council in writing of the details of officers who are nominated to be members of the Council and as alternates to such members in respect of a period referred to in regulation J1.2 (a) (ii): Provided that this paragraph shall not be construed as placing a restriction on the number of periods for which an officer may be nominated to be such a member or alternate.

(b) Subject to the provisions of regulation J1.3, an officer nominated by a recognised staff association to be a member of the Council or an alternate to such a member need not necessarily be a member of the staff association concerned.

(c) Whenever a change of members or alternates occurs the Secretary of the Council shall be notified thereof.

J2.4 By die toepassing van regulasies J1.2 (a) en J2.3 (a) lê 'n erkende personeelvereniging of 'n personeelvereniging wat aansoek om erkenning doen, op versoek van die Kommissie 'n gevouderte lys van sy lede voor in die vorm deur die Kommissie bepaal.

J2.5 (a) 'n Vereniging wat by die inwerkingtreding van artikel 33 van die Wet uit hoofde van die bepalings van artikel 25 (1) (b) van die Staatsdienswet, 1957 (Wet 54 van 1957), erkenning as personeelvereniging geniet het en wat by die inwerkingtreding van hierdie hoofstuk nog steeds sodanige erkenning geniet, word by die toepassing van hierdie regulasies geag 'n erkende personeelvereniging te wees.

(b) 'n Personeelvereniging in paragraaf (a) bedoel, verteenwoordig die belangsgroep wat deur die Kommissie op grond van die konstitusie van die vereniging bepaal word.

Affiliasies van erkende personeelverenigings

J3. 'n Erkende personeelvereniging mag nie affilieer by of hom op enige wyse assosieer met 'n vakvereniging of 'n federasie van vakverenigings nie, tensy spesiale goedkeuring van die Kommissie verkry is, welke goedkeuring voorwaardelik gegee en te eniger tyd ingetrek kan word: Met dien verstande dat hierdie regulasie nie uitgelê word as sou dit affiliasies of assosiasies slegs vir raadplegingsdoeleindes met verenigings van Regeringswerkemers buite die Staatsdiens belet nie.

Mededelings aan Kommissie en Raad

J4. Alle mededelings deur 'n erkende personeelvereniging aan die Kommissie moet deur of namens die hoofuitvoerende beampete of die president of voorsitter van die betrokke personeelvereniging onderteken word, en afskrifte van alle mededelings deur 'n erkende personeelvereniging aan die Kommissie of aan die Raad wat op 'n besondere departement betrekking het, moet deur sodanige hoofuitvoerende beampete, president of voorsitter, na gelang van die geval, aan die hoof van die betrokke departement gestuur word.

Reg tot insae van rekords

J5. Die Kommissie het die reg om te eniger tyd die rekords van 'n erkende personeelvereniging te laat ondersoek ten einde te bepaal of die voorwaardes by hierdie regulasies voorgeskryf, nagekom word.

Intrekking van erkenning

J6. Indien 'n erkende personeelvereniging versuim om 'n bepaling van hierdie regulasies na te kom of so 'n bepaling oortree, kan die Kommissie die erkenning wat hy aan sodanige personeelvereniging verleen het, intrek.

Benoeming van lede van Raad en plaasvervangers

J7.1 (a) Erkende personeelverenigings en die Kommissie moet die Sekretaris van die Raad, behoudens subregulasie 2 (b), jaarliks voor 30 September skriftelik verwittig van die besonderhede van beampetes wat tot lede van die Raad en tot plaasvervangers van sodanige lede benoem word ten opsigte van 'n tydperk in regulasie J1.2 (a) (ii) bedoel: Met dien verstande dat hierdie paragraaf nie uitgelê word as sou dit 'n beperking plaas op die aantal tydperke waarvoor 'n beampete tot so 'n lid of plaasvervanger benoem mag word nie.

(b) Behoudens die bepalings van regulasie J1.3 hoef 'n beampete wat deur 'n erkende personeelvereniging tot lid van die Raad of plaasvervanger van so 'n lid benoem word, nie noodwendig lid van die betrokke personeelvereniging te wees nie.

(c) Wanneer daar 'n verandering van lede of plaasvervangers plaasvind, word die Sekretaris van die Raad daarvan in kennis gestel.

Relinquishment of membership of Council

J7.2 (a) A member of the Council, or an alternate to such member, shall relinquish his membership of the Council if—

- (i) a recognised staff association or the Commission, as the case may be, withdraws his nomination;
 - (ii) the Commission withdraws its recognition of the staff association which nominated him;
 - (iii) a redetermination, in terms of paragraph (b) of this subregulation, of the proportion in which recognised staff associations may nominate members results in the number of representatives of a particular recognised staff association on the Council being reduced;
 - (iv) he is promoted to a post of head of department;
 - (v) he becomes a member of the staff of the Office of the Commission; or
 - (vi) he is no longer an officer in the Public Service as contemplated in section 1 (1), read with section 33 (1) (b), of the Act.
- (b) (i) If a member or the alternate to a member relinquish his membership in accordance with subparagraph (a) (ii), the Commission may, if in the circumstances it considers it necessary for the effective functioning of the Council, redetermine the proportion which would, in terms of regulation J1.2 (a) (ii), have been in force until 30 September of a particular year.

(ii) In the case of a redetermination of the said proportion, every staff association recognised up to that time shall, from a date indicated by the Commission, nominate anew members and alternates in accordance with subregulation 1 (a) for the remaining part of the period referred to in regulation J1.2 (a) (ii).

Functions of Council

J8.1 When the Council advises the Commission in terms of section 33 (2) of the Act, its aim shall be to—

- (a) achieve the highest possible degree of co-operation between the Government as an employer and officers and employees in the Public Service;
- (b) promote the efficiency of the Public Service;
- (c) promote the welfare of officers and employees; and
- (d) enable the Commission to draw on the experience and points of view of its members.

J8.2 The Council shall not consider and shall not advise the Commission on the case of any individual officer or employee, except in connection with a matter contemplated in section 33 (2) (a) of the Act.

Procedure of Council

J9.1 (a) At the beginning of—

- (i) each ordinary meeting of the Council; or
- (ii) an extraordinary meeting of the Council, immediately before the start of which the chairman's functions are performed in terms of a provision of the proviso to this paragraph,

